

SKRIFGEDEELTE: 2 KONINGS 5:1-3, 8-10, 15-17, 19-21A (VERKIESLIK 1-27) (OAV/NAV)

FOKUSGEDEELTE: JAKOBUS 1:14-15

Waarop is jy gefokus, Gehasi?

God stap 'n pad met die Arameër om hom tot geloof te roep. Die Israelitiese slawedogtertjie, die koning en die amptenare se aanmoediging en dan ook Elisa se optrede wat alles aan God die eer laat toekom. Die verhaal bereik sy hoogtepunt in vers 17, as Naäman tot die belydenis kom dat die God van Israel die ware God is en dat hy geen ander gode meer gaan aanbid nie.

Dan kom die selfsug en gierigheid van Gehasi (uitsig) egter en trek byna 'n streep deur alles. Eers was dit net die gedagte, maar later gaan dit oor in die daad – en loop dit uit op die een leuen na die ander.

Hoe maklik is dit nie vir ons, as diensknegte van die Allerhoogste, om ons fokus van God af te haal nie? Wêreldse dinge trek ons aandag, dit lyk só begeerlik, só binne ons bereik, ons hoef nie eers veel te doen om dit te bekom nie. Nog voordat ons onself kan kry, is ons fokus so ingestel op finansies, besittings, prestasies, ontspanning en ons families dat die eer van God se Naam die heel laaste punt op ons daaglikse agendas is.

Hierteen word ons ook in Jakobus 1:14-15 gewaarsku as daar staan: “'n Mens word verlei deur sy eie begeertes wat hom aanlok en saamsleep. Daarna, as die begeertes bevrug geraak het, bring dit die sonde voort; en as die sonde ryp geword het, loop dit uit op die dood.”

Gehasi het genade ontvang toe sy sonde uitgeloop het op dieselfde melaatsheid as die een van wie hy gesteel het – nie die dood nie. Net so ontvang ons vandag ook die genade uit God se hand, om die sonde in ons lewens (hetsy gedagtes/dade/leuens) deur die werking van die Gees af te sterf sodat ons al ons aandag op God alleen mag fokus. Dit omdat Jesus Christus ons skoon gewas het in sy bloed.

Sing: Skrifberyming 3-4:1, 5 (Lied 306) / Skrifberyming 1-1:2, 3, 7 (SB 24)

Ds. RP (Roelof) Buys (Delmas)